# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 5 Maart 2023

### 09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter

Baie van ons lidmate gaan as gevolg van verskillende redes deur baie diep en langdurige beproewinge. Kyk bv. hieronder na die lang lys van meelewing en voorbidding vir spesifieke lidmate wat beproef word. Ons almal ervaar op een of ander manier dat ons landsomstandighede ons ook op verskillende maniere beproef. In sulke tye is dit nodig dat ons weer opnuut herinner en bemoedig word om ons hulp en troos op die regte plek te vind. Ons moet ook leer hoe ons mekaar in sulke tye moet bystaan en ondersteun.

Kom ons verdiep ons die volgende 2 Sondae in 2 Korintiërs 1 waar die Here vir ons wonderlike, troosvolle en hoopvolle waarhede leer wat ons in sulke tye staande kan hou.

Vandag kyk ons na God en hoe Hy ons hulp en troos in sulke tye is. Ons hoor die vaste belofte dat ons dit by Hom sal vind en dat ons ons vertroue op Hom moet stel.
Volgende week met Nagmaal leer die Here ons hoe ons mekaar in Christus tot hulp en troos kan wees in sulke tye.

**Tema: God, ons Vader, kan en sal jou help en troos in jou swaarkry, vertrou op Hom!**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps. 146 – 1: 1, 6, 8
Ps. 145 – 1: Beurtsang: 1 (almal), 5 (susters), 11 (broers), 12 (almal)

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Sb 2 – 4: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 9 – 1: 1, 7, 8, 9, 10; Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 9

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: Eks 20: 7 - Fokus op die Derde Gebod: HK Sondag 36. Sing: Sb. 10 – 1: 1, 2 (2 de Mel van Ps 50 – Melita); Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: 2 Korintiërs 1: 1 - 11
Teks: 2 Korintiërs 1: 3 - 5
Sing: Sb. 14 – 2: 1 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Sing Ps. 23 - 1: 1, 2; Gebed; Sing Lied 588:1; Seën; Amenlied Sb.13-2.

**AANDDIENS:** Prof. Naas Ferreira

Ons word op die oomblik gekonfronteer met grootskaalse korrupsie wat besig is om ons hele menslike bestaan lam te lê. Elke dag is daar nuwe opspraakwekkende diefstal deur gewone kriminele in samewerking met hooggeplaasde en vertroude amptenare.

Voordat ons egter te veel op ons tande kners en vingers wys moet ons dalk net eers hoor van die korrupsie en diefstal binne God se volk / kerk. In die Skrifgedeelte wat ons vanaand gaan bestudeer beskuldig die Here Sy eie volk van diefstal. God se volk steel van Hom.

Dit het alles te make met ons toewyding (of gebrek daaraan) aan die Here. Hoe word toewyding aan God getoets? In die Ou Testament is die toets van die tiendes gedoen. Maleagi beskryf dit volledig. Die Here se toewyding aan Sy volk is bo verdenking, maar hulle toewyding aan Hom is gebrekkig en soms totaal afwesig. God het nie verander nie – die volk het. Die bewys – hulle beroof die Here.

**Tema: Hoe lyk ons toewyding aan die Here?**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Lied 199: 1, 2 en 3; Lied 151: 1 en 2

**God en ons ontmoet mekaar**
Votum; Seën; Loflied: Ps. 66-1: 1 en 2; Gebed; Sing: Ps. 116-1: 1 en 10

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Maleagi 3: 6-12
Fokusverse: Maleagi 3: 6 en 7
Woordverkondiging; Dankgebed;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Sing: Ps. 40-1: 3 en 4; Liefdegawe by die deure; Seën; Amenlied: Sb. 13-3.

**MAART**
**KOM ONS BID SAAM ….**



**Efesiërs 3:20 Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk, die mag het om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, aan Hom kom toe die heerlikheid in die kerk en in Christus Jesus, deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig. Amen.**

Ons bid en sê dankie dat die Here ons nooit alleen los nie. Ons dank Hom vir ‘n gemeenskap van gelowiges waarby ons kan inskakel en waar ons mekaar onderling kan ondersteun. Bo dit alles dank ons Hom dat Hy ons van ons sonde gered het en in sy heerlike liefde ingebring het. Ons dank Hom dat ons die vrymoedigheid het om Hom in die erediens so gereeld te kan ontmoet. Ons dank Hom vir die tegnologie sodat die wat nie aan die erediens fisies op Sondae kan deelneem nie, oor die internet kan inskakel.

Ons bid vir ons gemeente en al ons lidmate wat deur beproewings gaan. Langdurige siekte, eensaamheid, verlies aan geliefdes, finansiële onsekerheid en uitdagende landsomstandighede is groot beproewinge wat baie van ons lidmate in die oë staar. Ons vra dat die Here aan hulle die krag en wysheid sal gee om hierdie pad te kan stap. Ons bid spesifiek dat hulle die Here se teenwoordige en versterkende hand sal beleef en ervaar. Ons bid dat ons as gemeente mekaar se laste sal dra.

Ons bid vir die voortslepende oorlog in Rusland en Oekraïne. Ons kan die erns van hierdie impak op die kerk en die mense daar vergeet aangesien dit so lank aanhou. Ons bid dat as dit die Here se wil is, hierdie oorlog tot ‘n einde sal kom. Ons bid dat die Here die kerk in haar stryd daar sal bemoedig en ook bekering aan diegene skenk wat Hom nog nie ken nie. So bid ons broers en susters wat regoor die wêreld vervolg word.

Ons bid vir ons land en sy mense. Ons elkeen het 'n korrupte hart en net die Here se genade kan ons weg van nietige oplossings, na sy liefde en regering draai. Ons bid dat die Here bekering in korrupte harte sal gee. Ons bid egter dat die Here die kerk in haar roeping vir die uitdra van die evangelie sal versterk, dat ons getrou in liefde sal uitreik. Ons bid vir vrede tussen rasse in ons land. Ons bid dat ons omstandighede ons nie sinies en bitter sal maak nie, maar dat die kosbaarheid van Christus alles in waarde sal oortref sodat ons vol moed sal bly.

Ons bid vir ons voorgangers in die gemeente. Ons bid spesifiek dat die Here in sy goedheid ouderlinge sal stuur wat na vore sal kom om met ywer en omgee te werk. Ons bid vir die ouderlinge en ander voorgangers wat tans dienswerk doen dat hulle nie moeg sal word om goed te doen nie, maar die voorbeeld van Christus na te volg.

## MEELEWING

- Hannetjie du Plessis is gediagnoseer met kanker van ovariële oorspong wat reeds deur haar buik en tot in haar longe versprei het. Sy moet nou begin met chemoterapie. Ons bid vir haar en Johan.
- Oom Andries du Plessis het 'n baie groot operasie in Benoni aan sy keel en kaak ondergaan om kankerweefsel en tande te verwyder en die kaak gereed te maak om bestraling te ontvang. Hy sterk tuis aan.
- Marthie Schutte word steeds in die hospitaal behandel vir Breinvlies-ontsteking.
- Douw Kruger is uit die hospitaal ontslaan na behandeling vir sy longe en sterk tuis aan.
- Ds Pieter van der Walt se lensvervanging het goed afgeloop.
- Ds Koos Mouton se operasie in Johannesburg om 'n dialise-poort in te plant, het goed afgeloop
- Carolina Sharpley was in 'n motorongeluk en is in die hospitaal opgeneem vir toetste en behandeling. Sy is gelukkig nie ernstig beseer nie.
- Ursula Wijnberg het "Radio frequency ablation"-behandeling ontvang vir kroniese hoofpyne, insomnia en duiseligheid. Sy sal oor twee weke weet of hierdie pynlike behandeling verlig sal bring.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Marie Oosthuizen, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## BAIE GELUK

Paul en Elmain Smit het 'n kleindogter ryker geword. Baie geluk!

## ONS VERWELKOM

- Neil en Janika Deport wat met attestaat vanaf GK Lydenburg by ons aansluit. Hulle woon in Koepelsig MH 9, groep 34.
- Frans Venter vanaf GK Pietersburg. Hy woon in Thabo Mbekirylaan 12, groep 29.

## ONS GROET

- Bobby en Duolene Leach wat 'n geruime tyd gelede reeds verhuis het en attestaat aanvra na GK Die Strand.
- Eugene du Plessis wat met attestaat vertrek na GK Cachet.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 6
18:00 Aanddiens
Ouderlinge vergadering

**Maandag**
17:00 Diakonie Dagbestuur
18:00 Kersmark

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommediensgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10

**Woensdag**
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
17:00 “Griefshare”
18:30 Kerkraadsvergadering: Begroting

**Saterdag**
Sustersaamtrek

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Teol. Studentekas (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 1 en 36.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 5 Maart**
Jsr Liz-mari J v Rensburg
Sr Sanet Ras

**Maandag, 6 Maart**
Br Hendrik Riekert
Br Johan v Rooyen

**Dinsdag, 7 Maart**
Br Dawie du Plessis

**Woensdag, 8 Maart**
Jbr Michael de Klerk
Jbr Adriaan Pretorius

**Donderdag, 9 Maart**
Jsr Coralie Geyer

**Vrydag, 10 Maart**
Br Sydney Eckley
Jbr Daniël Heystek

**Saterdag, 11 Maart**
Br Neil Delport
Br Daniel Erasmus
Sr Marna Naude

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## “DIE GEBED VAN ‘N GELOWIGE HET ‘N KRAGTIG UITWERKING” JAK. 5:16

In die lig van wat die Here ons leer oor gebed en voorbidding wil ons graag elke lidmaat betrek by ons Gebedsbediening in die gemeente. Ons Gebed-diensgroep sal elke week ‘n kort WhatsApp stuur en enkele sake vir voorbidding onder u aandag bring. Heelwat lidmate is nie bewus van wat Sondae in die nuusbrief onder meelewing genoem word nie en kan dus nie daarvoor saam bid nie. Ons vertrou dat die weeklikse herinnering jou sal help om in jou persoonlike

gebed of met huisgodsdiens saam te bid soos die Here ons beveel.

## BYBELVASVRA




Ons vorige Bybelvasvra-aand was baie lekker en leersaam. Hierdie keer word die “dominees- en professor”-span by voorbaat gediskwalifiseer weens onregverdige bevoordeling!

Maak ‘n span bymekaar en kom kuier saam op Vrydag, 10 Maart om 18:00. Bring eie verversings en drinkgoed. Koffie en Tee sal verskaf word.

Kontak vir Barend by 079 337 8148 vir inligting en om in te skryf.

## PROJEKTE DIENSGROEP:
## VERSLAG – 28 Februarie 2023

Die Projekte-diensgroep staan aan stuur van al ons gemeentelike fondsinsamelingsprojekte. Graag doen ons hier aan die einde van die 2022 - 2023 finansiële jaar verslag oor die winste wat geïn is met die projekte.
Met groot dankbaarheid teenoor ons Here se seën waarsonder niks sou kon gebeur.

| | |
|---|---|
| Oosdopperfees: | R106 879.00 |
| Mooirivier Kersmark: | R362 383.00 |
| Gholfdag: | R 58 439.00 |
| **Totale inkomste:** | **R527 701.00** |

Baie dankie aan elke gemeentelid wat altyd reageer op die Diensgroep se oproepe om hulp en vir almal se harde werk in die jaar. Dankie vir skenkings en donasies wat bygedrae het tot hierdie mooi bedrag. Hierdie fondse help om ons gemeente se Woordbediening na binne en buite te bekostig.
Dis alles net groot genade uit ons Vader se hand!

## GHOLFDAG

*Graag wil ons baie dankie sê aan die Gholfkomitee wat hard aan die werk was die eerste twee maande van 2023. Hiermee ons gelukwense met ‘n suksesvolle projek wat afgehandel is.*

## GKSA-NUUS

Beroep aanvaar
Proponent WJ (Wimpie) Jansen van Vuuren na GK Middelburg, Kaap.

Beroep bedank
Dr G (Griffel) van Wyk van GK Rustenburg na GK Rietvallei as medeleraar.

## KENNISGEWINGBORD

- Wanneer Jesus weer kom, waar sal ek wees? Boek geskryf deur Hans Malan. Beskikbaar by die Adminburo.
- Amelia hou basaar: Saterdag 25 Maart om 09:00



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.


## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## NAGMAAL-ETE



Liewe Oosdoppers

Kom kuier en eet gesellig saam met vriende en geesgenote in die saal op Sondag, 12 Maart om 12:00. Almal is baie welkom! Op die spyskaart is: Oondgebakte hoenderrol, bobotie, rys, wortelslaai, mengelslaai en gebakte appelpoeding met vla. Bring asb jou eie drinkgoed en eetgerei. Die koste beloop R45-00 per persoon, betaalbaar by die ete. Skryf asb jou naam op die etelys in die voorportaal van die saal of laat weet Adéle nie later as **WOENSDAG 8 MAART** of jy die ete gaan bywoon. Moenie die gesellige byeenkoms, wat deur blok C aangebied word, misloop nie.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **5 Maart** | **Sondag** | **18:30** | **Blok A** | **Ouderlingverversings** |
| 12 Maart | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!**





WANNEER JESUS WEER KOM ... WAAR SAL EK WEES?
'n Bybelstudiegids deur Hans Malan. 2023. Potchefstroom Teologiese Publikasies, Noordbrug 2522.

***

Hierdie Bybelstudiegids bied Bybelgetroue antwoorde op vrae wat die skrywer en sy leser stap vir stap saam ondersoek. Die gids is gerig op Bybelmateriaal rondom die opstanding, hemelvaart en die wederkoms van Jesus Christus. Ons besoek die ryk verskeidenheid Bybelse getuienis rondom die VREUGDEDAG wat Christus ook met sy wederkoms met Hom saam bring vir sy gelowige kinders. Die boekie is geskik vir persoonlike en groepstudie. 'n Omvattende inhoudsopgawe, slotaantekeninge en 'n bibliografie vergesel die teks van hierdie werk wat 27 hoofstukke en 188 bladsye beslaan met ruimte vir lesers se eie vrae en kommentaar.

Die gids is beskikbaar oor die toonbank van die Administratiewe Buro teen R95 per kopie. Versendingskoste en verpakking beloop R87 vir die eerste 2 kopieë; R91 vir tot 4; en R100 vir 8 kopieë. Bestellings en navrae kan gerig word aan Petro Kroeze by tel 018 297 3986 of by e-pos bestellings@gksa.co.za. Vir elektroniese bankoordragte moet die korrekte besonderhede per e-pos by Petro verneem word. Die Administratiewe Buro se kantoor is op die hoek van Molen- en Meyerstrate, Potchefstroom, aanliggend aan die GK die Bult, geleë en kan besoek word vanaf 07:45 – 13:00 en van 14:00 – 16:00 op Maandae tot Vrydae.



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

## 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!  Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

## 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

# ALGEMENE INLIGTING

## LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet:    018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl –  082 774 7936

## BANKBESONDERHEDE

**Geref. Kerk Potchefstroom-Oos**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

**Diakonie**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

**Susters**
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010